‘N KRITIESE EVALUERING VAN OPERASIE REINDEER: DIE MILITERE OPTREDE VAN DIE SAW BY CASSINGA IN ANGOLA OP 4 MEI 1978.

F.W. MOSTERT.

‘N KRITIESE EVALUERING VAN OPERASIE REINDEER: DIE MILITERE OPTREDE VAN DIE SAW BY CASSINGA IN ANGOLA OP 4 MEI 1978.

DEUR

FREDERICK WILLEM MOSTERT

HONNEURS SKRIPSIE

Voorgele ter vervulling van die vereistes vir die graad

HONNEURS in Geskiedenis

(Fakulteit Lettere en Wysbegeerte)

Aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

Studieleier: Prof. S.L. Barnard

Mei 1993

Just as Arnhem has a special significance for the British paratrooper , Crete for the German paratrooper, Bastogne for the American Paratrooper and Dien Bien Phu for the French paratrooper, so Cassinga evokes a spirit common only to paratroopers in the South African Army.

PARATUS

INHOUDSOPGAWE: Bladsy

VOORWOORD 5.

1. **INLEIDING** 9.

2. **OPERASIE BRUILOF** 18.

3. **VOORBEREIDINGS VIR DIE GEVEG** 19.

3.1 Oefening Kwiksilwer 20.
3.2 Die Taakmag 21.
3.2.1 Die Bevelstruktuur 23.

4. **DIE BEPLANNING VAN DIE AANVAL** 24.

4.1 H – Uur 24.
4.2 De Brug 27.
4.3 Hoe die aanval moes verloop. 29.

5. **DIE AANVAL BY CASSINGA** 29.

5.1 Fase 1 – Die lugmag se aandeel 29.
5.2 Fase 2 – Groepering en eerste aanval 34.
5.3 Fase 3 – Finale geveg 40.
5.4 Fase 4 – Ontruiming en die opmars van die Kubane 45.

6. **DIE AANVAL IN PERSPEKTIEF** 48.

6.1 Militere siening 48.
6.2 SWAPO se weergawe 52.
6.3 Reaksies van die ander moondhede 55.
6.4 Suid-Afrika se siening 56.

7. **EVALUERING** 59.

Voetnote: 66.

Kaarte: 76, 77, 78.

BIBLIOGRAFIE EN BRONNELYS 79.

VOORWOORD:

Die militere optrede van die Suid-Afrikaanse Weermag by Cassinga, in Angola, is ‘n gebeurtenis waarvan die geskiedenis nog nooit voorheen wetenskaplik geskryf is nie. Dit was die eerste oorwegingsrede om die spesifieke gebeurtenis as ‘n skripsie aan te pak. Die uniekheid van die hele oorgrens-operasie, wat die politieke agtergrond insluit, was vir my ‘n uitdaging.

Die ongelooflike belangstelling wat die skryf van die hele gebeurtenis uitgelok het, nie net by deelnemers van die operasie en oud valskermsoldate nie, maar ook by voormalige grenssoldate, het as ‘n motivering gedien by die skryf van die stuk.

Dit is interessant om te sien hoe die politieke toestande en die toestande aan die grens van Suidwes-Afrika/Namibie gelei het tot die besluitneming tot die oorgrens-operasie. Die skripsie handel dan juis oor die oorwegingsredes, die beplanning, die in-oefening, die uitvoering van die operasie en die gevolge wat die militere optrede ingehou het. Verder is SWAPO en die siening van die ander moondhede ook ingesluit.

Met die skryf van die skripsie is verskeie problem ondervind. Daar is Baie min betroubare bronne oor die gebeure nagelaat.

Willem Steenkamp se boek Borderstrike dek wel die gebeurtenis, maar dit is geskryf direk na die gebeure by Cassinga.

Sensitiewe feite moes weggelaat word wat ‘n risiko kon inhou vir die persone wat nog deelgeneem het in die oorlog. Verder het sekere feite nou eers aan die lig gekom, omdat al die deelnemers aan die oorlog nie ondervra is nie. Die inligting was dus baie eensydig. Die werk van Willem Steenkamp kan volgens my nie as ‘n geskiedkundige werk beskou word nie, omdat dit tekort skiet aan perspektief en objektiwiteit.

Verskeie persone wat in die geveg betrokke was se name is verander in Borderstrike. Steenkamp beweer dat dit om veiligheidsredes gedoen is. Dit is egter opmerklik dat slegs sekere name verander is.

Borderstrike was nogtans insiggewend en is as agtergrond inligting tesame met die ander bronne gebruik. Die skripsie is egter nie ‘n poging om Steenkamp in ‘n slegte lig te stel nie, maar in ‘n poging om die geskiedenis van die gebeure by Cassinga reg te stel, is dit onvermydelik om Steenkamp se foute uit te wys.

Die meeste persone wat onderhoude aan my toegestaan het, was angstig om die ware feite bloot te le.

Daar was ook die persone wat nie hul name genoem wou he nie, omdat hul versigtig was dat sensitiewe inligting hul loopbane in die weermag skade kon berokken.

Ander feite kan nou eers aan die lig gebring word, omdat daar nou ‘n tydsverloop was en dat daar gevoel word dat dit nou veilig genoeg is om die feite aan die lig te bring.

Ek het ook probeer om die siening van SWAPO in te win, veral omdat die oorlog in Namibie verby is. SWAPO was egter nie bereid om enige kommentaar te lewer nie. Ek moes staatmaak op wat die pers geskryf het oor die standpunte van SWAPO.

‘n Kritiese evaluering van die gebeure wat aanleiding tot die geveg gegee het, die geveg van 4 Mei 1978 by Cassinga en die gevolge wat dit vir Suid-Afrika ingehou het, is dus nou ‘n noodsaaklikheid.

Ek voel genoodsaak om sekere persone te bedank.

1. Ek wil al die persone bedank wat bereid was om hul kennis met my te deel.
2. Prof. S.L. (Leo) Barnard wat deur sy voorbeeld en motivering die liefde vir die vak ‘n deel van my lewe gemaak het.
3. My geskiedenis onderwyser, wyle mnr. Louis Boshoff aan die

Sekondere Skool Jim Fouche, wat my op die harde manier geleer het om "geskiedenis" te skryf!!

4. Laastens vir my vrou vir haar besondere geduld en bystand, sonder dit sou my Honneurs net 'n droom gebly het.

Graag sal ek die skripsie wil opdra aan twee van my eie troepies wat aan die "grens" hul lewens vir hul land opgeoffer het. Al die sweet en trane was nie verniet nie…

F.W. Mostert

BLOEMFONTEIN

25 Mei 1993

1. INLEIDING:

Op 4 Mei 1978 het 257 valskermsoldate van die Suid-Afrikaanse Weermag, ‘n dorpie, Cassinga, in Angola ingeval. 1. Die aanval het ‘n deel uitgemaak van ‘n groter operasie nl. Operasie Reindeer. Met Operasie Reindeer het die VSA-regering aan Suid-Afrika toestemming gegee (in die geheim) om voort te gaan met die inval in Angola. Op 14 Oktober 1975 het Suid-Afrika met taakmag Zoeloe Angola ingeval, die taakmag is later versterk met nog drie taakmagte nl. Foxbat, Orange en X-ray Angola. Uitstekende militere suksesse is behaal ten spyte daarvan dat die MPLA en die Kubane beter en doeltreffender wapens gehad het. Die SAW het binne 33 dae 3159 kilometer die gebied ingedring en die vyand voor hul uitgejaag. Die taakmag was binne sig van Luanda toe die bevel gekom het dat Suid-Afrika moes onttrek. Die doel van Operasie Savanna was om ‘n goedgesinde regering daar te stel sonder kommunistiese gesinde Kubane. 2.
Om die slag van Cassinga te verstaan moet ons in die verlede teruggaan.
In 1962 het Marrxisties-georienteerde South West Africa People’s Organisation. 3. In konflik met die Suid-Afrikaanse magte gekom.
Hierdie terroriste se uitsluitlike doelstelling was om deur middle van geweld en bloedvergieting die bestaande regering in Namibie (toe nog Suidwes-

Afrika) omver te werp.

Met groot militere hulp van die kommunistiese lande, ruim finansiele bystand 4. Van die linksgesinde organisasies in die internasionale gemeenskap, insluitende die VVO, het PLAN dit reggekry om terreurdade in Namibie te pleeg. Aanvanklik is die Suid-Afrikaanse Polisie aangewend om die landsgrense te beveilig. Dit moet onthou word dat Suidwes-Afrika gedurende die tydperk, as ‘n mandaatgebied 5 nog onder Suid-Afrika se beheer was. Aangesien daar nog nie ‘n militere situasie identifiseer kon word nie, is die SAP aangewend om die teeninsurgensietaak te verrig. Slegs ‘n paar lede van die Suid_Afrikaanse Leer was by die polisie ingedeel om vertroud te raak met die operasionele toestande. Die werklike militere stryd het op 26 Augustus 1966 begin toe ‘n klein groepie SAP ‘n terroristeopleidingskamp te Ungulumbashe in Wes-Ovambo aangeval het.6. Dit was egter net die begin, want al hoe meer terroriste bedrywighede het nou plaasgevind. Die SAP moes sy aantal poste op strategiese gebiede en gereelde patrollies vermeerder.

In 1968 is die eerste weermageenhede in die Kavongo en deels in die Caprivi op klein skaal ontplooi. In 1969 is nog eenhede in die Kavongo, Caprivistreke asook in Ovamboland gestig. Tot op die stadium kon die SAP met redelike sukses die aanslag van PLAN hanteer, maar dit het gou geblyk

dat met die buitelandse hulp wat PLAN kry, daar meer drasties opgetree sou moes word.

Daarby het dit ook aan die lig gekom dat die SAP nie opgewasse was vir die taak nie.7

Op 2 Mei 1972 het die deeltydse hoofraadslid van die Wetgewende Vergadering van Ovambo, kaptein Filemon Elifas, ‘n spesifieke versoek aan die Suid-Afrikaanse premier, mnr. B.J. Vorster, 8. gerig.

Die versoek dat die SAW betrokke moes raak, het ‘n nuwe era in die oorlogvoering vir die SAW ingelui. Mnr. Vorster het kaptein Elifas die versekering gegee (en dit is gereeld deur die S.A. regerings herhaal) dat solank die bevolking die teenwoordigheid van die Veiligheidsmagte in die gebied wou he, hulle daar sou bly. 9.

Volgens Majoor-generaal du Plessis (Brigadier tydens die aanval en met die skrywe van die skripsie afgetree) is die SAW op verkeerde voet gevang.

Die SAW was nie ingestel op’n bosoorlog nie.10 Met die dat die SAP slegs’n defensiewe rol gespeel het en die weermag geleidelik infasseer is, (die weermag het op die stadium net elementere patrolliewerk verrig.) het PLAN kans gehad om hom te vestig in SWA. PLAN het die absolute inisiatief gehad. A.g.v. politieke toestande kon die Suid-Afrikaanse regering nie aan die weermag toestemming gee om oor die grens op te tree nie. Dit het die gevolg gehad dat die terroriste so twee uur voor donker

oor die grens beweeg het, ‘n aanval geloods het en dan in die donkerte teruggeval het na basisse in Angola.

In die donkerte was dit vir die veiligheidsmagte moeilik om die invallers op te spoor en dan moes die opvolgaksie gestaak word by die grens. Die volgende nag het dieselfde meer net weer gebeur.11.

Verder moet onthou word dat daar min troepe was om die lang grens te bewaak. In 1975 is Operasie Savanna geloods waar die Weermag ver in Angola geslaan het.

Die operasie het egter soveel internasionale opslae veroorsaak dat daar weer deur die Regering opdrag gegee is om slegs defensief op te tree en slegs strategiese plekke, soos die dam by Calueque,12 op te pas. Van die gevolge van Savanna was dat meer troepe aangebly het aan die grens en dat daar gedurende Januarie, Februarie en Maart 1975 vir die eerste keer Burgermaglede opgeroep is vir grensdiens.13.

‘n Instelling wat ‘n leefwyse vir die Suid-Afrikaanse huisgesin vir die volgende vyftien jaar sou word.

Die bevelvoerders aan die grens het egter met ‘n dilemma gesit. Die opdrag wat hul gekry het, was om die vyand uit SWA te hou. Dit kon nie en die Weermag het nie oorlog teen Angola gevoer nie. Dit kon nie die Kubane wees nie. In die stadium het die Kubane nog ‘n klein rol vervul en is aan die SAW bevelvoerders gese dat dit nie die erkende vyand was nie.

Dit kon ook nie UNITA wees nie, hulle het dan aan dieselfde kant as die SAW geveg. Dan moes die vyand die SWAPO- of PLAN-terroriste wees. Wat in die stadium dan net in klein groepies, swak opgeleide soldate was, meestal in die donker landmyne geplant en dan verdwyn het. In die woorde van maj.-genl. Du Plessis: “Hoe kon ‘n mens op ‘n onsigbare vyand met tenks en kanonne skiet?"16.

Na die terugtrek van die troepe uit Angola na Operasie Savanna, is ‘n vakuum gelos wat PLAN benut het om hul deeglik in te grawe. Terroristebasisse is naby die grens ingerig vanwaar aanvalle met gemak uitgevoer kon word sonder die vrees dat die SAW hul kon opspoor. Vanaf 1966 tot aan die einde van 1977 het 88 lede van die Veiligheidsmagte en 363 terroriste reeds gesneuwel. In die lig gesien van die oorlogsituasie, is die getalle dalk nie skokkend nie, maar die hoeveelheid wat alreeds in Suidwes-Afrika betrokke was (250 tot 300), die in kampe in Angola (2200) en in Suidwes Zambie (ongeveer 800)17. Was vir die SAW ‘n groot rede tot kommernis.

Om die inisiatief by SWAPO terug te kry moes die basisse in Angola aangeval word. Gedurende Desember 1977 het die Eerste Minister, mnr. B.J. Vorster en sy adviseurs in sy vakansiehuis, te Oubos, bymekaar gekom

om die saak te bespreek.

Volgens die hoof van die Leer, lt.-genl. C.L. Viljoen het die Eerste Minister die noodsaaklikheid van die oorgrens operasies ingesien, maar hy wou nie " 'n vrye hand" vir die oorwoe operasies gee nie.18. Mnr. Vorster was dus nie maklik te vinde vir aggressiewe optrede oor die grens nie.
Die onkostes en die politieke gevolge van Operasie Savanna was nog te vars in die geheue.19. Wat die verwagte reaksie van die VVO betref, was die wapen boikot feitlik reeds 'n voldonge feit. Daar kon kwalik iets erger teen Suid-Afrika uitgedink word.
Die VVO moet eerder bedank word vir die instelling van die wapenboikot aangesien dit Suid-Afrika onafhanklik gemaak het en Suid-Afrika nou die geleentheid gehad het om sy eie kundigheid in te span. Was dit nie vir die wapenboikot nie, sou Krygkor nooit kon ontwikkel in die reus wat dit wel geword het nie. Die wapentuig is dan juis vir die Suid-Afrikaanse soldaat en vir die spesifieke toestande aan die grens ontwerp. Dus het mnr. Vorster nie teruggedeins vir die vyand nie en 'n besluit geneem om PLAN selfs in Angola aan te val. Dit was die waterskeidingsbesluit wat die oorlog 'n ander wending sou laat neem. Die Weermag kon nou vir PLAN op sy plek sit en die inisiatief oorneem.
Die jaar 1978 het aangebreek met 'n steeds aggressiewe PLAN wat

voortgegaan het met aanvalle vanuit Angola.

Die volgende is volgens Steenkamp enkele bewyse van hoe aktief PLAN werklik was:

1. Op 2 Januarie is daar op ‘n patrollie van die Weermag geskiet en in die opvolgaksie wat gevolg het, is twee lede van PLAN doodgeskiet.

2. Op 4 Januarie is ‘n Ovambo deur PLAN doodgeskiet toe hy van sy kraal gevlug het.

3. Op die dieselfde dag het ‘n swaargewapende groep terroriste ‘n SAW patrollie aangeval. Twee terroriste is gedood.

4. Op 5 Januarie word nog ‘n Ovambo dood aangetref met ‘n AK-47 patroondoppie by hom. Die voetspore dui daarop dat dit PLAN was.

5. Op 8 Januarie sterf 4 Ovambo’s en 6 word ernstig beseer in ‘n landmynontploffing.

6. Op 8 Januarie sterf ‘n SAW soldaat in ‘n aanval op sy patrollie. Die terroriste ontvlug oor die grens. Gedurende die res van Januarie vind nog ‘n paar minder belangrike aanvalle plaas.

7. Op 7 Februarie word die minister van Gesondheid en Welsyn Toiva Shiyagaya, van die Ovambo’s, in ‘n sluipmoordaanval gedood.

8. Op 10 Februarie, terwyl minister Pik Botha en die leier van SWAPO mnr. Sam Nujoma in New York byeen is oor vredesonderhandelinge, word ‘n veiligheidspatrollie van die SAW aangeval deur PLAN.

Die aanval word afgeslaan en in die opvolg word agtien van die aanvallers gedood.

9. Op 19 Februarie word 4 SAW soldate gedood toe hul voertuig uitgeskiet word deur ‘n RPG-7 vuurpyl. Die gebeurtenis het in die Caprivi gebeur en die terroriste was insypelaars vanuit Zambie.

10. Op 19 Februarie word nog twee SAW soldate gedood toe ‘n militere waterpunt aangeval word. PLAN verloor twee lede in die opvolg operasie.

11. Op 21 Februarie word ‘n leerkrag met 119 kinders van die St. Mary’s Sendingskool van ‘n Anglikaanse kerk net suid van die kaplyn, na Angola ontvoer. Drie van die kinders het later ontsnap en vertel dat hulle na ‘n opleidingskamp in Angola geneem is.20.

12. In Februarie 1978 word Sappeur Johan van der Mescht deur PLAN gevang. 21.

Die aggressiewe optrede van PLAN is verduidelik in ‘n militere evaluering wat in Februarie 1978 deur inligtingspersoneel oor die situasie in Suidwes-Afrika gemaak is.

Die volgende punte is uitgewys:

Dat SWAPO voor ‘n kruispad te staan gekom het, waarskynlik het SWAPO ‘n verkiesing gevrees en hul vermoe om sukses te behaal betwyfel.

Verder het die Russe bewyse gevra om hul volgehoue militere steun aan PLAN te verseker.22.

PLAN sou dus as ‘n faktor verdwyn as daar nie substansiele militere suksesse behaal kon word nie. Dit was duidelik waarom PLAN met so verhoogde aanslag sou kom en sy volle militere potensiaal sou gebruik. Intussen het die New York samesprekings misluk.23. Waar die regering gewag het om te sien wat van die samesprekings sou kom, kon nou voortgegaan word om ‘n operasie teen PLAN te beplan. SWAPO het nie werklik belanggestel in vredesonderhandelinge nie en op 28 Februarie 1978 het Sam Nujoma in ‘n onderhoud met Cliff Saunders sy standpunt duidelik oor Suidwes uitgespel. Nujoma het skuld ontken van enige aggressiwiteit van die kant van SWAPO en het beweer dat dit die SAW is wat landmyne plant en op die onskuldige inwoners skiet. Op ‘n vraag van Saunders of SWAPO nie bang is om uitgesluit te word uit ‘n nie-SWAPO regering, na onafhanklkikheid nie, het Nujoma as volg geantwoord: “The question of black majority rule is out. We are not fighting even for a majority rule. We’re are fighting to seize power in Namibia, for the benefit of the Namibian people. We are revolutionaries. We are not counter-revolutionaries.” 24. Hierdie uitlatings wat deur Nujoma in New York gemaak is, het hy later ontken.

Op 27 Maart het SWAPO hoofman Clemens Kapuuo, hoof van die Herero

stam, voorsitter van die meer-rassige Turnhalle Aliansie en geswore vyand van SWAPO, in ‘n sluipmoord aanval vermoor. Die taktiek van SWAPO om persone in gesagsposisies as slagoffers uit te kies was ‘n poging om publisiteit te verwerf en om twyfel in internasionale kringe oor die uitvoerbaarheid van die vyf Westerse Moondhede se skikkingsvoorstelle te veroorsaak. Skielik het PLAN met ‘n verhoogde aanslag gekom. So erg dat teen 4 April twaalf insypelaars doodgeskiet is. 25. Op 15 April is ‘n hoofman en sy volgelinge na Angola ontvoer. In New York het Nujoma die VVO se skikkingsvoorstelle verwerp, dit het saamgeval met ‘n baie ernstige grensskending op 28 April toe ‘n groep van ongeveer 100 terroriste met ‘n patrollie van die veiligheidsmagte slaagsgeraak het.26.

Hierdie grensskending van PLAN het die veiligheidsmagte laat besef dat SWAPO nie meer net ‘n guarrilla taktiek volg nie, maar oor ‘n semi-konvensionele vermoe besit. Dit het die Suid-Afrikaanse magte in ‘n ongunstige posisie gelaat en daar sou daadwerklik en gou teen PLAN opgetree moes word.

2. Operasie Bruilof.

Operasie Bruilof sou die eerste operasie buite die landsgrense wees, na die goedkeuring van die Eerste Minister by Oubos verkry is. Die operasie sou laat in April 1978 plaasvind en 6 PLAN basisse sou in Angola aangeval word.

Die basisse is in die van Chetequera (aan die Ovambo front gelee) en sou terselfdertyd deur ‘n meganiseerde mag en valskermsoldate aangeval word. Troepe is opgeroep en die inoefening het in die Pietersburg omgewing plaasgevind. Operasie Bruilof sou egter nooit plaasvind nie. Volgens Maj. Genl Du Plessis het die inoefening nie na wense verloop nie en daar kon dalk ‘n lekkasie van inligting plaasgevind het.27.

In ‘n onderhoud met ‘n kolonel van die SAW het dit aan die lig gekom dat van die troepe by ‘n openbare pad, met siviele mense oor die aanval gepraat het. 28. Met die uitlek van die informasie kon die risiko nie geloop word om die operasie, in sy huidige vorm voort te gaan nie. Operasie Bruilof is afgestel, maar net om plek te maak vir ‘n meer ambisieuse Operasie Reindeer.

3. Voorbereiding vir die geveg.

Dit was lt.-genl Viljoen wat voorgestel het dat Cassinga ingesluit moes word in Operasie Reindeer, want die eerste operasie-instruksies vir Operasie Bruilof het nie voorsiening gemaak vir ‘n aanval op Cassinga nie. Lt.-genl. Viljoen was van mening dat die vyand nooit sou verwag om so ver van Suidwes aangeval te word nie. Genl. Malan het saamgestem, al was daar ooglopende implikasies. Die basis was ongeveer 250 km in Angola gelee, ver buite die normale terrain van optrede en sou deur valskermsoldate aangeval moes word. Die verrassingselement is van groot belang daarom

kon ‘n gemeganiseerde mag nie Cassinga aanval nie. Daar is net te veel klein basissies tussen die kaplyn en Cassinga.29. Verdere implikasies sou dus wees dat vragvliegtuie en helikopters gebruik moes word.
Dit sou ‘n risiko wees omdat daar altyd die gevaar was van vyandelike grondvuur en vegvliegtuie. Verder sou die aanval op Cassinga groot politieke implikasies he, omdat dit meer was as net ‘n beperkte oorgrens-operasie sou wees.30. Maar daar is ook besef dat die kans op sukses baie goed was en die vyand ‘n gevoelige morele slag toegedien kon word as die hoofbasis vernietig kon word. Die risiko’s en die gevaar wat die aanval ingehou het, sou die moeite werd wees.31. Chetequera (ook bekend as Vietnam) was die ander basis wat as doelwit geidentifiseer is. Die basis was ongeveer 25 km binne Angola en kon deur ‘n gemeganiseerde mag aangeval word. Vir die doel van die skripsie gaan ons verder net konsentreer wat by die eerste nl. Moskou (Cassinga) gebeur het.

3.1 <u>Oefening Kwiksilwer</u>

Intussen is troepe opgeroep vir die aanval op Cassinga. Die valskermsoldate wat sou deelneem, moes in Bloemfontein aanmeld.

Daar is reeds in Maart besluit dat die brigade so lank as moontlik in die Republiek moes bly, omdat 500 valskermsoldate in die operasionele gebied sekerheidsprobleme kon skep. Die soldate se oproepinstruksies was

gekoppel aan ‘n misleidingsplan. Die hoof van die Leer het op 17 April gelas dat hulle opgeroep moes word om aan oefening Kwiksilwer deel te neem. Die oefening sou in die omgewing van Kimberley plaasvind en moes dan as dekmantel dien vir die aanval op Cassinga.

Lt.-genl. Viljoen het egter gemeen dat Kwiksilwer miskien die Suid-Afrikaanse publiek, die werkgewers, die valskermtroepe en selfs die pers kon flous, maar nie vir SWAPO nie. Hy het beweer dat SWAPO reeds ‘n maand van te vore gese het hul weet dat daar troepe in Bloemfontein opgelei word vir ‘n aanval in Angola. Met oefening Kwiksilwer sal SWAPO dink dat dit juis hul informasie is. 32. Lt.genl. Viljoen het daarom gemeen dat die aanval op Cassinga dus so gou as moontlik met die aanvang van Kwiksilwer moes geskied. Die tydsberekening van die operasie was belangrik en sou die sukses bepaal.

3.2 <u>Die Taakmag</u>

Die taakmag wat sou deelneem het onder aanvoering van kol. Jan Breytenbach gestaan. Die mag is verder saamgestel deur burgermag reserviste van 2 en 3 Valskerm Bataljon. Hulle sou aangevul word deur ‘n geweer peloton en ‘n 60mm mortier peloton van 1 Valskerm Bataljon. Kol. Jan Breytenbach het sy mag in twee dele verdeel. Die groep wat Cassinga sou aanval het 377 man getel en het uit twee ondersteunings pelotons, 4 geweer kompanies en 2 onafhanklike geweer pelotons bestaan. Dit moet

egter gese word dat a.g.v. te min plek in die vragvliegtuie, die pelotons nie op volle sterkte was nie. Die Cassinga-aanvalsmag is verder in vyf groepe verdeel:

1. Alpha Kompanie, onder bevel van kaptein Gerrit Steyn en wat bestaan het uit drie geweer pelotons met'n mortier ondersteunings peloton. Die mortier peloton was gewapen met twee 60mm mortiere sonder voetplate.

2. Bravo Kompanie, onder bevel van kaptein Hugo Murray. Die kompanie het bestaan uit twee geweer pelotons met twee 60mm mortiere sonder voetplate.

3. Charlie Kompanie, onder bevel van kommandant Monty Brett het ook bestaan uit twee geweer pelotons, maar het geen ondersteuningswapens gehad nie.

4. Delta kompanie, onder die bevel van kaptein Tommie Lamprecht het ook bestaan uit twee geweer pelotons sonder verdere wapens.

4.1 Een van die onafhanklike pelotons was onder die aanvoering van luitenant Piet Botha van 3 Valskerm Bataljon.

4.2 Een peloton wat bestaan het uit dienspligtiges van 1 Valskerm Bataljon en was onder die aanvoering van luitenant Johan Blaauw.

4.3 Dan was daar 'n anti-tenk peloton en hulle was gewapen met anti-tenkvuurpyl lansseerders.

4.4 'n Spesiale element wat bestaan het uit 'n intelligensie span, twee

ingenieurs, wat met plofstowwe moes werk en twee mediese spanne met twee dokters in beheer.

5. Echo kompanie, met 120 soldate sou in reserwe gehou word, reeds in die lug gereed om te spring as dit nodig sou word. Die vliegtuig sou oor die kaplyn vlieg gereed om in te beweeg. 33. Dit was slegs kol. Breytenbach, luitenant Blaauw en die diensplig tiges onder luit. Blaauw wat voltydse soldate was. Die ander was lede van die Burgermag en net deeltydse soldate.

Dit is interessant om na die bevelstruktuur te kyk.

3.2.1 <u>Die Bevelsstruktuur:</u>

Die topstruktuur van die taakmag het uit ‘n groot hoeveelheid offisiere bestaan. Daar was eintlik te veel offisiere met te hoe range. Kol. Breytenbach was self een rang te hoog om as bataljon bevelvoerder op te tree, want so was Brand en Brett albei gekwalifiseerde bataljon bevelvoerders. Dan het daar ook ‘n brigadier saam gespring, brigadier M.J. Du Plessis (tans afgetrede maj-genl) en sy hele hoofkwartier personeel het aan die aanval deelgeneem. Volgens maj.genl. Du Plessis was daar rede voor, al wat gese mag word, is dat hy gehelp het met die organisering van die aanval nadat dit in Pietersburg (Operasie Bruilof) skeefgeloop het. Volgens maj.genl. Du Plessis was kol. Breytenbach die regte persoon om in

die gevegsituasie te he, maar dat hy hulp nodig gehad het om van die organisering van die aanval ‘n sukses te maak.34. Verder moet onthou word dat dit die eerste van die tipe aanvalle sedert die Wereldoorloe was en dat ondervinding broodnodig was. Die offisiere het gevoel dat hul opleiding onvolledig sou wees sonder werklike ondervinding. 35.

---

4. **DIE BEPLANNING VAN DIE AANVAL**

4.1 H-uur

Sedert die middle van April het ‘n drama op sy eie afgespeel om die operasie van die grond te kry. Eers het genl. Viljoen vir genl. Malan ingelig dat die operasie nie voor 1 Mei kon begin nie. Al het dit met die inoefening van die soldate goed gegaan, het die bevelvoerders gevoel dat 1 Mei dalk ‘n bietjie gou was. Maj.Genl. Du Plessis meen egter dat die regering in die stadium koue voete gekry het, omdat daar dalk op 1 Mei te veel vroue en kinders in Cassinga kon gewees het.

Die gevolge van die aanval sou dan te veel nadelige gevolge vir die land ingehou het. 36.

Saam met die politieke toestande, soos die Verenigde Nasies se voorstelle oor die skikkingsvoorstelle van die vyf Westerse moondhede het veroorsaak dat Genl. Geldenhuys ‘n voorstel gemaak het dat die

operasie uitgestel moes word tot 4 Mei. Die voorstel is van die handgewys, dit het beteken dat die operasie tog op 1 Mei sou plaasvind. Sommige bronne meen dat 1 Mei ‘n goeie datum sou gewees het. Dan het SWAPO werkersdag gevier en sou daar moontlik belangrike “gaste” in Cassinga wees wat ook met dieselfde poging in gedrang kon kom. Volgens maj.genl. Du Plessis sou die aanvalsplanne dan gewysig moes word, en dat dit nou te laat was om die planne te verander. 37.

Die hele proses het vir die stafoffisiere, wat die operasie beplan het, ‘n nagmerrie geword, omdat grond en lugaanvalle presies gekoordineer moes word.

Dit het onmoontlik geword om te se presies wanneer die aanval sou plaasvind. Sake is verder deurmekaar gekrap toe ‘n sekere kommandant Maringa die MPLA op ‘n gereedheidsgrondslag geplaas het van 30 April tot 08hoo 3 Mei.

Die MPLA is op ‘n basis van gereedheid gebring, omdat hulle ‘n aanval van Unita gevrees het, juis omdat hulle besef het dat 1 Mei ‘n goeie aanvalsdatum was.38

Dit moet duidelik gestel word dat hoe langer die operasie uitgestel word, hoe groter die risiko vir ‘n sekerheidsbreek was.

Op 30 April, toe almal gereed was om vorentoe te beweeg, is genl. Geldenhuys in kennis gestel dat die politieke omstandighede dit nie toelaat vir die operasie nie en is gevra of die operasie nie met 48 uur uitgestel kon word nie.

Die nuus is nie gunstig op Ondangwa 39 ontvang nie. Dieselfde middag is die bevel dan ook ontvang dat die aanval met 48 uur uitgestel is.

Die uitstel van die operasie en die afstel van die ander operasies is die bewys hoe die politieke faktore ‘n rol gespeel het in die sensitiewe omstandighede op die grens. Die vraag is nou gevra of die operasie nie ook afgestel sou word nie. 40

Intussen was dit moeilik om die troepe onder die omstandighede geestelik skerp te hou. Daar is voortgegaan om die aanval in te oefen. Dit was al wat nou gedoen kon word en om duim vas te hou dat die aanval wel soos beplan sou voortgaan. Op 1 Mei is alle radio- en telex-verbindings op Ondangwa en Oshakati gestaak.

Die radiostilte is gehandhaaf in ‘n poging om die sekuriteit omtrent die aanval te handhaaf.

Die telefoon vanaf Pretoria was egter ook stil, maar genl. Gleeson het geweet dat solank daar niks slegte nuus is nie, die aanval volgens plan sou voortgaan. 41. 3 Mei het aangebreek sonder dat die vraag of die

aanval sou voortgaan beantwoord is. Die antwoord sou egter binnekort van Pretoria kom.

4.2 De Brug

Die soldate is openlik opgeroep om aan oefening Kwiksilwer deel te neem en hulle moes by 1 Valskerm Bataljon aanmeld.
Vandaar is die soldate na De Brug geneem. Oefening Kwiksilwer het begin, maar die valskerm-soldate het hul in afsondering voorberei vir die aanval wat sou kom. In afsondering was dit, want nadat hulle die hekke agter die soldate gesluit is, is die telefoondrade geknip. 42. Geen persoon is ook weer toegelaat om die oefenterrein te verlaat nie. Dit het ook die hoer range ingesluit. 43. Nou het die soldate besef dat daar meer op die spel is as net oefening Kwiksilwer. Daar is ook besluit dat die soldate op die laaste oomblik na die operasionele gebied vervoer sou word. Intussen het die inoefeninge van die manne voortgegaan en daar is hard met hulle gewerk, soos wat Steenkamp dit stel: “As experienced soldiers both knew the truth of Patton’s dictum that an ounce of sweat expended during training prevented a gallon of blood lost during action.” 44. Die soldate het besef dat Cassinga nie sommer maklik ingeneem sou word nie en die vrees het bestaan dat baie van die soldate gevange geneem kon word of kon sneuwel.

45.

Dit kon geweldige politieke gevolge tot gevolg he. Die oefening het redelik goed afgeloop en met die tydelike uitstel van Operasie Reindeer het dit die soldate meer kans gegee om in fyner besonderhede te gaan. Die soldate het twee keer die geleentheid gehad om fisies met die valskerms te spring en die inoefening het oor die algemeen goed afgeloop.

Daar is ‘n sandmodel van Cassinga op die vloer van die ou skuur uitgele en die aanval is aan die soldate verduidelik.

Die 377 manne is gedurende die middag van 3 Mei in weermagvoertuie waarvan die seile agter toegemaak is, na die lugmagbasis Bloemspruit vervoer. 46.

Om 16h30 het 8 troepevliegtuie na Grootfontein vertrek. Hulle het na feitlik vier ure in die lug daar aangekom. Daar is die soldate van die vliegtuig direk in ‘n groot vliegtuigskuur begelei.

Op matrasse op die vloer het die opgewonde, maar tog bang troepe hul voorberei vir die geveg. Hierdie voorbereiding was meer sielkundig van aard, van slap was daar nie regtig sprake nie.

Die ligte het die heel nag gebrand wat slaap moeilik gemaak het en dan het die opgewonde wete van die slag wat voorle die slaap

verdryf. 47. Daarby het die nagaan van die valskerms, wapens en die ander uitrusting baie vroeg begin. Die tyd waarvoor hulle gewag het, het aangebreek. Die bevel om te klim is gegee.

a. Hoe die aanval moes verloop.

Die aanvalsplan was eenvoudig, maar goed beplan. As die aanval afgeloop het soos dit beplan was, sou alles baie vinnig en suksesvol afgehandel gewees het. Kaart 2 dui aan waar die verskillende groepe moes land en wat elkeen se taak was. Ongelukkig het verskeie faktore veroorsaak dat die aanval nie afgeloop het soos wat dit beplan was nie.

1. DIE AANVAL OP CASSINGA.

1.1 Fase 1 – Die lugmag se aandeel.

Ongeveer om 4h30 het die wiele begin rol in die drama wat die dag hom sou afspeel. Behalwe die agt vragvliegtuie (C 130 en C 160's) wat die valskermtroepe vervoer het, het 'n Buccaneer vanaf Waterkloof Lugmagbasis opgestyg.

Die vliegtuig was met twee-en-sewentig 68mm missiele gelaai en sou op Grootfontein op 'n gereedheidsgrondslag bly. 48.

Om 05h19 het vier Canberra bomwerpers vanaf Waterkloof opgestyg. Elkeen was gelaai met driehonderd anti-personeel bomme. Hulle roete sou hul oor Rundu neem waar hul

noordwaarts na Cassinga sou draai. Vier Buccaneers het om 05h43 opgestyg en hulle bewapening het agt-en-twintig 450kg bomme ingesluit. Een van die Buccaneers is geloots deur kaptein Dries Marais wat ‘n groot rol later die dag sou speel. Die Buccaneers is gevolg deur twee Mirages.

Vanaf Omauni het twee Puma helikopters opgestyg om ‘n gebied sowat twee-en-twintig kilometer van Cassinga te beveilig. Dit sou hier wees waar die ander helikopters sou wag op die eindelike bevel om die soldate uit Cassinga na die geveg te ontruim. Hierdie deel van die operasie was egter ook gewaagd, omdat die gebied nie vooraf verken kon word nie en die lugfoto’s was blykbaar ook ondoeltreffend. 49. Daar was kommer omdat lt.genl. Constand Viljoen ‘n passasier in die bevels-helikopter was. Genl. Viljoen wou vir himself waarneem hoe die geveg sou afloop – ‘n besluit wat amper veroorsaak het dat die generaal in lewensgevaar was.

Die gebied waar die helikopters moes land was digter bebos en meer ongelyk as wat die lugfoto’s aangedui het. Dit het veroorsaak dat die helikopter mag, wat die soldate sou uitlig, oor ‘n gebied van twee of drie kilometers versprei was. Dit was ‘n groot gebied om te beveilig. Nadat die gebied gefynkam is vir

enige vyandelike aktiwiteite, is navigasiebakens uitgesit om enige navigasie probleme uit te skakel.

Daar is ook ‘n sein na Ondangwa gestuur dat alles volgens plan verloop. 'n Mens wonder of algehele radiostilte nie hier toegepas moes gewees het nie. Die belangrikheid van die verrassings-element kan nie genoeg beklemtoon word nie. Indien die vyand enige onraad op die stadium sou opmerk kon die sukses van die operasie in die weegskaal wees.

Om 07h00 het vyf Super Frelons en tien Pumas vanaf Omauni met 42 soldate opgestyg. Hulle sou as ‘n beskermingseenheid vir die wagtende helikopters optree. Die helikopters het ook ‘n mediese span en ekstra brandstof saamgevat.

Die helikopter is beperk tot relatiewe kort afstande en dit was uiters belangrik dat ‘n tekort aan brandstof nie ‘n faktor moes wees nie.

Teen die tyd was die vragvliegtuie, met die soldate, feitlik in posisie, maar die bomwerpers moes eers hul aanval loots. Die Canberras het ongeveer twintig seemyl noord-oos van Cassinga gedraai en inbeweeg vir hul aanval. Die aanval was ‘n absolute verrassing. Baie van die inwoners van Cassinga het selfs gewaai vir die vliegtuie, omdat hulle gedink het dat dit hul eie was. 50.

Op die paradegrond was ongeveer 250 lede van PLAN besig met wat kol. Breytenbach meen “roll call” moes gewees het.51. (SWAPO se reaksie op die aanval sal later meer breedvoerig behandel word.) Die Canberras het die aanval gelei met die Buccaneers wat hul in ‘n sekere volgorde gevolg het. Twee-twee Buccaneers en dan ‘n enkele Buccaneer het met tussenposes van 35 sekondes mekaar gevolg. Die 35 sekondes was nodig sodat die Buccaneers die skrapnel van die vorige bomme kon vermy. Na die aanval moes die leier van die Buccaneers regsom die basis vlieg om die skade wat aangerig is waar te neem. Die aanval is op 500 voet uitgevoer waar die bomme gelos is.
Die aanvanklike aanval was egter nie so doeltreffend soos gehoop is nie, die vierde Buccaneer het sy doelwit, die veterane se kamp, gemis. 52. Die Mirages het egter inbeweeg en die doelwit goed bestook met hul 30mm kanonne.

Die vlieeniers het dan ook as volg rapporteer: “Target thoroughly covered with 30mm HE FRAG” 53. Volgens Steenkamp het daar ook heelwat bomme nie ontplof nie, omdat die grond na die reen so sag was. Die meeste het afgegaan en dit was genoeg om die fundament te le vir die aanval van die valskermsoldate.

Die leier van die Buccaneers het rapporteer dat aansienlike skade aangerig is, veral oos van die Techamutete pad. Dat groot gedeeltes van die dorp in vlamme was en dat digte rookwolke die lug ingaan.

Onder het mense gehardloop op soek na skuiling, ander het gekrul van pyn en groot getalle dooies in opgemerk. Veral in die omgewing van die paradegrond was daar heelwat dooies.

Kol Jan Breytenbach het saamgestem dat heelwat van PLAN in die omgewing van die paradegrond gesterf het, maar het bygevoeg: "Not many were killed there. When I got there afterwards I saw only a few bodies. Most of the aeriel bombardment had taken place east of the road. There was no damage to the anti-aircraft positions at the headquarters complex and to the south of it." 54.

Die hoeveelheid wat deur die lugmag gedood is, maak nie regtig saak nie. Wat van belang is, is dat die grondslag gele is.

Dit was ook nie die laaste aandeel wat die lugmag daardie dag sou he nie.

5.2 <u>Fase 2 - Groepering en eerste aanval</u>

Die C-130 en C-160 vragvliegtuie het op daardie oomblik die neerlatings-gebied bereik, maar dit is hier waar die planne lelik

skeefgeloop het. Die groenlig, wat die teken is dat die soldate moes spring, is drie tot vier sekondes te laat aangesit. Volgens Steenkamp moes die loods ‘n merker op die grond gebruik om die groenlig aan te sit. Die merker was ‘n grondpad en wanneer die die vliegtuig presies oor die pad sou gaan, moes die groenlig aankom. Dit het egter nie gebeur nie. Volgens Steenkamp was die rook so dig dat die loods nie die merkers kon sien nie. 55. Wat volgens lt.-genl. Du Plessis heeltemal foutief is.

Die loods wat daardie spesifieke vliegtuig geloods het en wat verantwoordelik was vir die groenlig, majoor James Gireland, het later die volgende aan die genl. erken: Terwyl die vragvliegtuie Cassinga in formasie genader het, het die aanval deur die bomwerpers voortgegaan. Die vragvliegtuie het in twee paralelle rye gevlieg en die bomwerpers het letterlik tussen hulle deurgevlieg om hul bomme te gooi. Dit was natuurlik ‘n ongelooflike gesig. En juis dit het veroorsaak dat die groenlig te laat aangesit is.

Majoor Gireland het hom so verstom aan die gesig wat onder hom afgespeel het, dat hy vergeet het om die groenlig aan te sit!

56. Foto’s wat van die lugaanval geneem is, toon wel die geweldige rook en stof, maar dit toon ook die pad na Cassinga aan

wat as die merker moes dien vir die aansit van die groenlig. 57. Die tydsduur van drie sekondes klink nie baie nie, maar terwyl ‘n vliegtuig beweeg kan drie sekondes op die grond ‘n grond ‘n groot verskil maak.

Een van die paaie was die baken vir die afsit van die groenlig. Die rook en stof wat in die lug hang, dui ook daarop dat die wind nie so sterk was soos Steenkamp beweer nie. Steenkamp, South Africa’s Border War, pp. 78-79.

* Meer later oor die bladsy en die gevolge van die groenlig wat te laat aangesit is.

Majoor Gireland het erken dat die fout aan sy kant hom slapelose nagte besorg het. Die fout het veroorsaak dat al die valskermsoldate laat gespring het en dat heelwat aan die “verkeerde” kant van die rivier geland het. Maj.-genl. Du Plessis wat 17de gespring het, het in die rivier beland en amper daar verdrink.

(Genl. Du Plessis het vertel hoe hy gelukkig net op ‘n klip kon staan en net-net sy mond en neus uit die water kon hou. ‘n Troep wat daar verby gehardloop het, het genl. Du Plessis gehoor skree en hom uit die rivier getrek.) Maj. – genl. Du Plessis glo

dan dan ook vas dat skutter Andre Human dan ook so aan sy einde gekom het. 58. Die gebied tussen die pad (merker vir die aansit van die groenlig) en die rivier is ongeveer 450 m, wat oorgenoeg sou wees as die groenlig op die regte oomblik aangesit sou gewees het. Maar met die laat aansit van die lig het die landingsterreine klein geword.

Verder beweer Steenkamp dat daar ‘n redelike sterk noordoostewind was wat die troepe verder van koers gedwing het. Verskeie deelnemers aan die gebeure het aan my erken dat die wind nie so groot rol gespeel het nie. 59. Die verouderde lugfotos wat gebruik is vir die verkenning van die gebied kon ook ‘n rol gespeel het. Eerstens het die lugfotos getoon dat die rivier nie meer as ‘n amper droe loop was nie. Verder het die lugfotos ook nie getoon hoe uiters ongelyk die landingsoppervlakte was nie. 60. Dit het veroorsaak dat sommige soldate ligte beserings opgedoen het.

Volgens maj.-genl. Du Plessis het die rivier by die beplanning van die geveg nie ‘n groot rol gespeel nie. Niemand het gedink dat soldate so ver van koers sou land nie. Steenkamp het in ‘n telefoon onderhoud met my ‘n ander belangrike feit genoem en

dit is dat die skaal van die lugfotos dalk verkeerd kon gewees het, maar kol. Blaauw het egter die bewering, in sy gesprekke met my, as onsin afgemaak.

Die feit bly staan dat die landing nie volgens plan verloop het nie. Die wat uit die voorste vliegtuie gespring het, het by of oorkant die rivier geland, terwyl die wat uit die agterste vliegtuie gespring het, feitlik op hul doelwitte geland het. Die oorspronglike aanvalsplanne sou nou vinnig aangepas moes word. Kaart 3 wys waar die verskillende groepe geland het nadat dinge skeefgeloop het. Volgens my het net twee groepe werklik sleg geland en dit was Alpha en Bravo kompanies. Ongeveer 60% van Alpha en Bravo het aan die westekant van die Culongarivier geland. Twee en ‘n half seksies van A kompanie het aan die “verkeerde” kant van die rivier geland en slegs een seksie van B kompanie het aan die “regte” kant van die rivier geland. Die rivier was nie baie breed nie, maar het taamlik sterk gevloei. 61. Die rivier moes eers oorgesteek word voordat hul tot die aanval kon oorgaan.

Van die brigade se hoofkwartier het die sektorbevelvoerder, maj.-genl. Du Plessis in die rivier beland en die twee radiobedieners aan die “verkeerde” kant van die rivier wat veroorsaak het dat Maj.-genl Du Plessis oor geen radioverbindings beskik het nie.

Kol. Breytenbach kon daarin slaag om aan die “regte” kant van die rivier te land en hy het ‘n radio aan hom gehad. Sy twee lugbeheerders 62. en die genie-offisiere het hul aan die “verkeerde” kant van die rivier bevind.

Die twee mediese dokters het albei in die rivier beland en een het al sy mediese toerusting verloor. Die mortierpeloton het dieselfde lot oorgekom. Al die lede het of in die rivier beland of aan die “verkeerde” kant. Vier mortiere het ook in die slag gebly. 63.

Delta kompanie wat die verste suid geland het, het ‘n goeie landing gehad, hulle het ongeveer 500m van hul landingsone geland en kon dadelik groepeer en tot aanval oorgaan. Delta kompanie sou dan ook later die erg verswakte Bravo kompanie help om noordwaarts deur die dorp te beweeg. Volgens Steenkamp het Charlie Kompanie ook ‘n slegte landing gehad. Die terrein was uiters ongelyk en hulle het ongeveer 2 tot 3 kilometer van die doelwit geland.

Dit is moontlik dat die terrein dalk veroorsaak het dat hulle nie ‘n goeie landing gehad het nie, maar in so geval moet die goedopgeleide valskermsoldaat die situasie kan hanteer.

Die twee groepe wat noord van die dorp moes land, is baie verder

suid van hul doelwit afgegooi as wat beplan is en het binne die dorp geland. Hulle moes onmiddellik tot aanval oorgaan, omdat hulle letterlik tussen die vyand geland het. Hier het die digte bosse en hoe bome die landing bemoeilik. Die soldate het ook probleme gehad om te groepeer.

Kaart 2 dui ook die verskillende aanvalslyne aan. Aangesien die landing nie volgens plan verloop het nie, moes vinnige besluite geneem word om die planne en aanvalslyne te verander.

Tot op die stadium het redelike chaos geheers en die situasie kwalik ernstiger gewees het. Die groepering wat binne 15 minute moes plaasvind, het veel langer geduur en daarby het van die soldate selfs hul wapens in die rivier verloor. Kol. Breytenbach was egter nie baie bekommerd nie, sy grootste bekommernis was om die kommunikasie tussen die verskillende kompanies te herstel. Die grond-lugverbindings is herstel d.m.v. die kompaniebevelvoerders se radiostelle. Die groeperingsfase is afgehandel sonder enige ernstige inmenging van die vyand.

Die groeperingsfase wat egter net 15 minute moes duur het toe ongeveer ‘n uur en 15 minute geduur. 64.

Dit is te verstane as ’n mens in ag neem dat C Kompanie amper 3 km. van hul doelwit geland het en van die ander kompanies eers

oor die rivier moes kom. Party van die soldate het eers in die dorpie opgedaag nadat die geveg feitlik verby was.

5.3 Fase 3 - Finale geveg.

Die verlengde groeperingsfase het die PLAN-soldate kans gegee om redelik te herstel en die aanvanklike verrassingselement kon in ‘n mate oorkom word. 65. Die hoop om die doelwit vinnig en sonder geweldige teenstand in te neem, was verydel. Verder was die getalle van Alpha en Bravo kompanies heelwat minder, omdat van die soldate eers oor die rivier moes oorsteek.

Die verskillende kompanies het nou inbeweeg, maar dit was duidelik dat die aanvanklike aanvalsplan verander moes word. A en B kompanies het uit te min soldate bestaan om ‘n aaneenlopende linie te vorm om die basis van wes na oos aan te val. 66. Die vyand se 14.5 mm masjiengewere het die inbeweeg van B kompanie gestuit waar die basis se hoofkwartier veronderstel was om te wees. A kompanie het gevorder tot by die loopgrawe in die noordwestelike hoek van die basis.

Hier het kol. Breytenbach en sy manne teen die vyand vasgeval en moes noodgedwonge die hulp van die groepe wat noord en suid van die basis was, inroep.

Die groepe noord en suid, wat slegs as stoppergroepe moes

optree en wat reeds in posisie was, sou nou die aanval lei. Die basis sou dus oor die lente ingeneem word. Een van die pelotons wat uit die noorde die basis binnegedring het, was die diensplig peloton van lt. Blaauw. In die opruimingstaak, van veral die loopgrawe, sou die peloton, hom baie goed van sy taak kwyt. Kaart 4. Maar lt. Blaauw se peloton sou eers ‘n ander drama beleef.

Die vlieeniers van die Buccaneer bomwerpers het nie geweet dat lt. Blaauw se peloton a.g.v. die foutiewe groenlig-sprong reeds hul doelwit bereik het nie. Die vlieeniers het toestemming van kol. Breytenbach gekry om die spesieke gebied te bom. Dit het dan so gebeur dat van die bomme feitlik tussen lt. Blaauw se manne geval het. Twee van die troepe is dan ook deur skrapnel getref, gelukkig vir hulle was dit nie noodlottig nie. Die vlieeniers moes egter kwaai onder die tong van lt. Blaauw deurloop. Die eerste wonings is ingeneem, maar nou het die peloton met ‘n ingewikkelde loopgraafstelsel te doen gekry.

Die terroriste het hardnekkig teruggeveg en wat die opruiming van die loopgrawe verder bemoeilik het, is die feit dat die gange in ‘n saagtandvorm geloop het. Vordering was stadig en wanneer ‘n handgranaat gegooi is, was daar die vrees dat die

handgranaat teruggegooi kon word. 68. Stadig maar seker het die soldate hul pad oopgeskiet. Dit was gedurende die stadige opruimingstaak dat ‘n diep gang ontdek is wat as die ontsnappingsroete vir baie van die PLAN lede kon gedien het. Daar is ook vermoed dat die bevelvoerder van die basis en veteraan PLAN offisier Dimo Hamambo deur die ontsnappingsroete ontvlug het. Die roete is te laat deur stoppergroepe afgesluit. Volgens kol. Breytenbach was daar ook vrouens en kinders in die loopgrawe: “They kept on trying to escape, but each time they tried to scramble out the terrs pulled them down again. They just got trampled on.” 69. Baie van die vroue het PLAN uniforms aangehad.

Die weerstand in die loopgrawe was hewiger as waarop gereken was en dit was nou duidelik dat die aanval baie langer sou duur as wat gehoop is.

D kompanie wat uit die suide aangeval het, het ook hewige teenstand gekry, maar kon nogtans daarin slaag om die “geniekompleks” in te neem. Dit sou ook die kompanie wees wat die eer sou kry dat hul die lugafweer- en

masjiengeweerstellings van die basis vernietig het. Teen 11h00 was die geveg nog lank nie verby nie en was daar nog loopgrawe wat opgeruim moes word.

Die tyd het egter te min begin word en die bevelvoerders het besef dat hoe langer die SAW in vyandelike gebied bly, hulle afgesny kon word van die helikopters en dan te voet moes terugbeweeg na Suidwes-Afrika (Namibie). Verder was daar die vrees dat die Russiesvervaardigde Mig-vliegtuie daar kon opdaag. Daar is dan besluit om die helikopters in te roep om die troepe uit te lig. Die helikopters sou by die verskillende landingsones, (Sendeling, Boskop, Harris en Rennex) aandoen om die troepe wat aan die verskillende helikopters toegewys is, op te laai. Om 11h07 het die eerste helikopters opgedaag, maar het vyandelike vuur getrek. Slegs een landingsplek nl. Harris was nie aan vyandelike vuur blootgestel nie. Saam met die eerste helikopters het genl. Viljoen ook opgedaag. 70.

Die geveg was nog nie verby nie en dus was die lewe van die generaal in groot gevaar.

Van die eerste soldate, waaronder die gewondes, is uitgelig na veiligheid. Intussen het die geveg voortgeduur en is die vyand

swaar verliese toegedien. Volgens skutter Bornman het een van die mediese personeel op ‘n stadium sy misnoee uitgespreek oor die aantal en oor die manier waarop die terroriste geskiet is. Die dokter sou gese het: “Stop this murdering, stop this murdering!” 71.

Die ammunisieopslagplek is aan die brand gesteek, omdat die geniesoldate wat die opslagplek moes opblaas, saam met die eerste soldate uitgelig is.

‘n Aantal oorlewendes is aangekeer maar daar is besluit om geen krygsgevangenes saam terug te bring nie. Van die vyand se leiers is ook gevang. Hulle het geen kentekens of sigbare range gedra nie, maar is uitgeken aan die Russiese Tokarev pistole wat aan hulle gevind is. 72.

Die geveg het nou sy einde genader. Die basis was feitlik opgeruim en die valskermsoldate was sigbaar baie moeg.

Dit moet in aggeneem word dat net lt. Blaauw se manne voltydse dienspligtiges was wat opleidings fiks was. Die res is soldate wat van die straat gehaal is om te veg. Die opleiding van die soldate is nie minderwaardig nie, maar aan fiksheid het dit baie tekort

gekom. Op die stadium is bevele traag uitgevoer en die soldate het begin om te ontspan. ‘n Nuwe fase van die geveg het egter nou begin.

1.2 Fase 4 – <u>Ontruiming en die opmars van die Kubane.</u>

Nadat die eerste troepe per helikopter onttrek is, het die vlieeniers van die Mirages en Buccaneers ‘n vyandelike pantserkolonne opgemerk wat noord van Techuamatete in die rigting van Cassinga beweeg het. Die hoofkwartier op Ondangwa is hiervan in kennis gestel en die opdrag aan die soldate op Cassinga was om so vinnig as moontlik te onttrek. Terwyl daar gepoog is om die laaisones te beveilig, is daar begin om om B en D kompanies uit te lig.

C Kompanie is aan die suide van die basis ontplooi om die onttrekkende helikopters en soldate te beskerm. Die tenkafweerpeloton, wat tot nou toe redelik onaktief was, het hul gereed gemaak om die opmars van die Kubaanse pantserkolonne die hoof te bied.

Toe die pantserkolonne die basis teen 12h30 bereik het, was B, D en ‘n gedeelte van A kompanie reeds uitgelig. Die tenkafweerpeloton het op die pantserkolonne losgebrand en vier pantservoertuie uitgeskiet. Twee Mirages en die Buccaneer het

ook tot die aanval oorgegaan en drie van die vyf vyandelike tenks is vernietig. ‘n Verdere personeelvragdraer is vernietig toe dit ‘n landmyn afgetrap het wat deur die tenkafweer-peloton geplant is. Die opeenhoping van die vyandelike voertuie in die pad was ‘n goeie teiken vir die vliegtuie en feitlik al die voertuie is uitgeskiet.

73.

Tog het twee tenks deurgebreek. Op die kritieke stadium moes die Mirages a.g.v. te min brandstof onttrek en die Buccaneer wat oorgebly het se ammunisie was gedaan. Tog het die vlieenier skynaanvalle op die tenks geloots. Die vlieenier, kaptein Dries Malan, het so laag gevlieg dat sy mede vlieenier gedink dat hul teen die tenks gaan vasvlieg. Met elke skynaanval het die tenks van die pad getrek om die “aanval” vry te spring. Die aanval het die soldate meer tyd gegee om te onttrek.

Die twee tenks het egter tog daarin geslaag om die basis binne te kom. Een tenk het op die landingstrook, Harris, stelling ingeneem en op die helikopters begin vuur.

Gelukkig vir die Suid-Afrikaanse soldate het die tenk teen ‘n afdraende gestaan en kon dit dus nie sy kanon hoog genoeg lig nie en was die skote mis. 74. Die teenwoordigheid van die tenks het gemaak dat die landingsplekke Harris en Sendeling nie verder

gebruik kon word nie. Volgens kol. Breytenbach het die tenkafweerpeloton te vinnig onttrek.

Hulle was onder die indruk dat daar nie tenks in die aanmars was nie. Dit moet ingedagte gehou word dat die terrein baie bebos en die sig swak was.

Die lot van die vyandelike tenks is nie seker nie, maar volgens kol. Breytenbach het die Buccaneers hulle uitgeskiet. Die res van die kolonne is buite die basis verwoes, maar slegs nadat hulle ook teruggeveg het. Die Kubane het ‘n 14,5 mm lugafweerkanon in die pad opgestel en op die vegvliegtuie gevuur. Die vuur was akkuraat, want daar was skade aan die Buccaneers aangerig.

Die lugafweerstelling is deur die vegvliegtuie uitgeskiet.

Een aspek waaroor gewonder is, is die kwessie waarom die Kubaanse kolonne so lank geneem het om by Cassinga te kom aangesien Techuamatete slegs 16 kilometer vanaf Cassinga gelee is. Verder wil dit voorkom dat die teenwoordigheid van die Suid-Afrikaanse soldate hul verras het.

Dit kan wees dat hulle gedink het dat die aanvalsmag reeds die basis ontruim het. 75.

Die finale onttrekking het wanordelik, maar tog vinnig en suksesvol afgeloop. Die laaste troepe is om 14h30 uitgelig.

Daar was die vrees dat sommige agter gebly het, omdat die verskuiwing van landingstroke kon veroorsaak het dat sommige soldate nie betyds opgedaag het nie. Die helikopters wat die laaste troepe uitgelig het, het as voorsorgmaatreel nog ‘n paar keer oor die basis gesirkel in ‘n poging om te sien of daar nog soldate op die grond was.

2. DIE AANVAL IN PERSPEKTIEF

2.1 Militere siening:

Met die onttrekking is die soldate na twee verskillende basisse in Suidwes-Afrika geneem, nl. Eenhana en Ondangwa.
Dit het veroorsaak dat daar eers die volgende dag vasgestel kon word of al die troepe teruggekom het en ‘n volledige ongevalle lys kon opgestel word. Daar is vasgestel dat skutter A.P. (Andre) Human vermis word. Volgens troepe wat in dieselfde groep gespring het, het sy hoofvalskerm nie behoorlik oopgegaan nie en is aangeneem dat hy dood is.

Daar is egter ook twee ander teorie oor skutter Human en dit is dat hy reeds in die lug doodgeskiet is of dat hy in die Culango kon verdrink het.

As daar na die geveg in perspektief gekyk word, moet ‘n mens

heel eerste na die ongevalle aan albei kante kyk om te sien watter kant “gewen” het. As ‘n mens besef hoe kwesbaar ‘n valskermsoldaat is vanaf die oomblik dat hy by die deur van die vliegtuig uitspring, totdat hy kan oorgaan om himself te verdedig, moet ‘n mens dadelik se dat die geveg vir die Suid-Afrikaanse soldate ‘n reuse sukses was. Daar is egter ‘n paar belangriker faktore om te bestudeer voordat ‘n mens die afleiding kan maak of die operasie ‘n sukses was of nie. Faktore soos:

- Die vooraf beplanning vir die operasie was deeglik gedoen.
- Die sekuriteit om die operasie ‘n geheim te hou was voldoende.
- Die inoefening van die operasie was doeltreffend.
- Die fout wat gemaak is met die afgooi van die valskermsoldate was amper rampspoedig.
- ‘n Mens wonder onwillekeurig in hoe ‘n mate die “verkeerd” spring verantwoordelik was vir die dood van sktr. Human?
- Die Buccaneers wat die bomme tussen lt. Blaauw se manne gegooi het, het amper lelike gevolge gehad.
- Die kwessie van die verkeerd spring het dan ook veroorsaak dat die volsterkte aanvalsmag nie dadelik die basis ingeval het nie. Dit het veroorsaak dat die hele geveg langer geduur het as wat beplan is. Dit het weer tot gevolg gehad dat die Kubane deel

gehad het aan die geveg, wat eintlik heeltemal onnodig was.

- Aan die positiewe kant kan met oortuiging gese word dat die leierskap van die leiers en die vermoe om by die omstandighede aan te pas die skaal in die guns van die Suid-Afrikaanse soldate geswaai het.
- Die goeie opleiding en die kwaliteit van die Suid-Afrikaanse valskermsoldaat was aan die einde van die geveg seker die deurslaggewende faktor tot sukses.
- Die skitterende ondersteunende rol van die lugmag moet ook nie onderskat word nie. Die aanvanklike bomaanval was uiters geslaagd 76. en dit is jammer dat dit nie onmiddellik opgevolg kon gewees het nie. Die harde werk van die helikopter-vlieeniers, onder moeilike omstandighede, moet genoem word.
- Die verliese aan uitrusting was relatief min. Hoofsaaklik was dit net valskerms wat nie herwin kon word nie. Dan was daar die skade aan een Buccaneer wat deur terroriste vuur van onder getref is.

Na die operasie het die Hoof, Stafoperasies van die Suid-Afrikaanse Weermag, Lt.-genl. J. Dutton ‘n aankondiging voor die pers gedoen en die volgende feite genoem:

- Dat dit net ‘n beperkte blitsaanval in Angola was en dat die aanval

uiters suksesvol was.

- Dat PLAN se hoofbasis in Angola, asook verskeie ander basisse vernietig is. (Laasgenoemde deur die gemeganiseerde mag net oor die grens in Angola in die ander deel van operasie Reindeer.)
- Dat daar heelwat toerusting, wapentuig en voertuie in die SAW se besit gekom het. (Weereens deur die gemeganiseerde magte)
- Van die dokumente en ander geskrifte het waardevolle inligting bevat.
- SWAPO is ‘n geweldige slag toegedien dat dit hulle ‘n geruime tyd sou neem om te herstel. 77.

Lt.-genl. Dutton het dan ook verklaar: “Ons plan was nie om soveel terroriste as moontlik dood te skiet nie, maar wel om terrorisme te ontmoedig deur ontwrigting te veroorsaak. Ons het hulle onverhoeds betrap en daarin geslaag.” 78. Volgens lt.-genl Dutton is die aanval bevel nadat SWAPO-terroriste vroeer daardie week op die Ruacana-kragstasie in Ovambo geskiet het.

Hierdie stelling is net gemaak om ‘n rede vir die aanval te gee, want die aanval is tog reeds lankal beplan gewees vir die redes soos reeds in die Inleiding genoem. Verder het die generaal genoem dat die Suid-Afrikaanse soldate reeds uit Angola onttrek is.

2.2 SWAPO se weergawe:

SWAPO se eerste reaksie was een van skok en het die aanval veroordeel. Volgens SWAPO was dit ‘n vlugtelingkamp wat deur die SAW aangeval is. Sam Nujoma het in ‘n telefoon onderhoud die volgende oor die aanval te se gehad: “We strongly condemn this barbaric act on the part of the Pretoria regime.” 79. Hy het voortgegaan en gese dat hy sou voortgaan om te onderhandel, maar terselfdertyd sou gewapende bevrydingstryd nog hewiger word om soos hy dit gestel het:” … to ensure the total liquidation of the South African, racism, illegal, colonial administration.” 80. Sam Nujoma het verwys na sy samesprekings met die vyf Westerse moondhede en dat hy aan die lande se verteenwoordigers verduidelik het dat dit slegs vlugtelingkampe was wat deur Suid-Afrika aangeval is.
Hy het gese dat een kamp selfs deur Mirage vegvliegtuie gebombardeer is.

Sam Nujoma het as volg voortgegaan: “This clearly shows that Pretoria, in refusing to remove or to withdraw its troops from the border area to the southern part (of SWA) as SWAPO suggested, intended to use Namibia as a base of aggression against the

People's Republic of Angola, The Republic of Zambia and other independent neighboring African states who are giving political asylum to Namibians who fled there because of the repressive methods on the part of Vorster racist regime." 81. Volgens Nujoma het honderde vroue, kinders en ou mense in die aanval gesneuwel. Hy het voortgegaan en gese: "We consider it a deliberate wanton act to suppress and eliminate Namibians who are demanding their legitimate right to selfdetermination. And let me assure you this barbaric action will not go unanswered, SWAPO also knows where South African women and children live. If this kind of attack on civilians continues, and they (South Africa) follow them where they take political asylum, we may take serious measures in that direction." 82.

SWAPO en Angola het verklaar dat 500 (later is beweer dat 600 gedood is) vlugtelinge gedood en 264 gewond is en Angola se ambassedeur by die Verenigde Nasies, Elisio de Figueiredo, het verder verklaar dat al die SAW troepe nog in Angola is al het die Suid-Afrikaanse regering verklaar dat al die SAW soldate onttrek is van die gebied. Daar is ook verklaar dat die verliese aan die Suid-Afrikaanse kant baie swaar was.

Dit is snaaks dat 'n kamp wat net vlugtelinge bevat het die Suid-

Afrikaanse soldate so lank in ‘n hewige geveg kon besig hou.

Die Angolese regering se verklaring het verwys na: “… waves of South African planes attacking a Namibian refugee camp near a mining town 250 km inside Angola, disgorging armed reinforcements and, generally, preparing a new invasion of Angola.” 83.

Beide Nujoma en die verklaring deur die Angolese regering het gedeeltes van die waarheid ingehad, maar oor die algemeen is die waarheid erg verdraai om soveel as moontlik simpatie en propaganda uit die voorval te trek.

Daar het vroue in Cassinga gesneuwel, maar party was in uniform en gewapen. Geen kinders is doelbewus geskiet nie. Daar is wel kinders geskiet wat gewapen was met AK-47 gewere. Daar is selfs verklaar dat kinders gehelp is en dat kos en lekkergoed aan hulle uitgedeel is. Daar was 73 ontvoerdes in die kamp wat gesmeek het dat hulle saam met die helikopters terug na Suidwes geneem moes word. Dit was egter nie moontlik nie.

Die dokumente wat in die aanval gebuit is, het bewys gelewer dat Cassinga nie ‘n vlugtelingskamp was nie, maar ‘n opleidings- en deurgangskamp vir SWAPO soldate. (later meer oor die dokumente)

63. Reaksies van die ander moondhede.

Soos verwag kon word is die aanval ten sterkste afgekeur. In Washington is die verklaring uitgereik dat Amerika by sy plan ter oplossing van die Suidwes probleem bly staan, maar hy glo nie die optrede van Suid-Afrika deur Angola aan te val sal "help" nie, het die amptelike woordvoerder van die departement buitelandse sake gese. Hy het voortgegaan deur te se dat dit toon hoe belangrik dit is om so gou as moontlik by 'n vreedsame oplossing uit te kom. 84.

Die woordvoerder, Ken Brown, het ook erken dat die teenwoordigheid van Kubane in Suidwes ongewens is. 85. Pres. Carter wou hom nie uitlaat oor die aangeleentheid nie, maar het gese dat Amerika dit glad nie oorweeg om in 'n oorlog in Angola betrokke te raak nie.86.

Verskeie van die Westerse diplomate het die ooreenkoms tussen die aanval op Cassinga en die tipe aanvalle wat Israeli's doen opgemerk.

Een het dievolgende gese gehad: "It's all Israel's fault. They gave them the idea."87.

Dit is opmerklik dat die moondhede nie te ernstig uitlatings oor die aangeleentheid gemaak het nie. Aan die ander kant moet

seker gevra word wat die moondhede in werklikheid kon doen om Suid-Afrika te straf.

2.3 Suid-Afrika se siening

Suid-Afrika het hom by monde van die minister van buitelandse sake, mnr. Pik Botha, so uitgespreek oor die geleentheid: “In al ons onderhandelinge het die Westerse magte groot klem gele op die noodsaakliheid van ‘n staking van geweld. Trouens, die kern van die Westerse voorstelle is dat die voortdurende geweld en intimidasie beeindig moet word om die mense van Suidwes geleentheid te gee om hul selfbeskikking onbevange en vrylik uit te oefen. Suid-Afrika is steeds gewillig en gereed om die Westerse voorstelle vir ‘n skikking van die Suidwes kwessie te implimenteer, maar ons dring ook steeds daarop aan dat die terroriste hul dade van geweld moet staak.” 88. Mnr. Pik Botha het daarop gewys dat SWAPO nie net ‘n program van terreurdade voortgesit het nie, maar oor ‘n bree front uitgebrei en verskerp het. SWAPO se antwoord op Suid-Afrika se aanvaarding van die voorstelle vir ‘n vreedsame skikking was dus net om meer geweld te pleeg.

Mnr. Botha het die Weste versoek om hul voorstelle dringend deur die Veiligheidsraad te voer. Volgens mnr. Botha was die

Suidwes leiers nie meer gewillig om te wag nie. In die woorde van mnr. Botha: “Die mense van die gebied is geregtig om die proses, wat tot onafhanklikheid moet lei, nou te betree en af te handel. Intussen kan die Suid-Afrika nie sy plig versaak om die nodige beskerming aan die mense van die gebied te gee nie. Daar sonder (sal) hulle geheel en al weerloos wees, en die prooi word van genadelose onderdrukking deur fisieke geweldadigheid.” 89.

Verder het mnr. Botha gese dat Suid-Afrika se selfrespek en die taak wat hy in Suidwes moet uitvoer hom gedwing het om op te tree teen PLAN terroriste op lafhartige wyse die grens oorsteek nadat hul terreurdade gepleeg het. Dit was noodsaaklik om met PLAN af te reken omdat ‘n vrye verkiesing deur ‘n vertragingstaktiek in die wiele gery word. Oor die veroordeling deur die vyf Westerse lede van die Veiligheidsraad het mnr. Botha die volgende gese gehad: “Geen aanval was op Angola gerig nie. Daar is opgetree teen terroriste wat inwoners van Suidwes bedreig, vermoor, en intimideer. Die veiligheidsraad se veroordeling van die saak is ‘n refleksie op die integriteit van die organisasie.” 90.

Mnr. Botha het voortgegaan en Suid-Afrika se optrede verskoon deur te se: ”As die Westerse magte verwag dat Suid-Afrika met gevoude hande sal bystaan terwyl terroriste toegelaat word om na goeddunke mense te vermoor en te ontvoer tree hulle in werklikheid teenstrydig met hul eie voorstelle op, wat duidelik en kategories voorsiening maak vir ‘n algehele beeindiging van geweld.” 91.

Prof. H. Booysen, hoogleraar in staats-en volkereg aan die Universiteit van Suid-Afrika het gese dat volgens artikel 51 van die handves van die Vereenigde Volke elke staat die inherente reg het om hom teen gewapende aanvalle van buite sy landsgrense te beskerm. ‘n Mens kan dus se dat Suid-Afrika se optrede, in die lig van selfverdediging, geregverdig kan word. Volgens prof. Booysen is Suid-Afrika se optrede dus juridies heeltemaal korrek. Daar is egter kompliserende faktore soos het Suid-Afrika die reg om namens Suidwes op te tree? Suid-Afrika kon dus tog in ‘n mate as die aggressor beskou word. 92.

Volgens The Friend van 6 May 1978, het Suid-Afrika in ‘n goeduitgewerkte lokval getrap om oor die grens te slaan. Nou was Suid-Afrika as die aggressor gesien en nie SWAPO nie. Die tydsberekening van die operasie was volgens die koerant

verkeerd, omdat die onderhandelinge op so ‘n sensitiewe stadium was. 93. The Star van 5 May 1978 het die hele situasie so opgesom: “It’s justified, but disastrously timed.” 94.

3. Evaluering:

Soos in die inleiding verduidelik, was die operasie goed deurdink en was die regering en die militere leiers van Suid-Afrika dit eens dat die operasie ‘n noodsaaklikheid was en uitgevoer moes word. Soos wat gehoop is, was die gevolge die moeite werd.

Die Hoof, Stafoperasies van die Suid-Afrikaanse Weermag, lt.-genl. J. Dutton het in ‘n persverklaring die volgende feite bekendgemaak:”SWAPO se hoofbasis in Angola asook verskeie ander basisse is vernietig. Daar is beslag gele op heelwat toerusting, wapentuig en voertuie. Daar is ook heelwat terroriste gevang. By Cassinga is daar nie terroriste gevang nie, omdat daar nie in die helikopters plek daarvoor was nie.

Daar was verskeie mense wat die soldate gesmeek het om hul terug na Suid-wes-Afrika te bring, dit kon egter nie gedoen word nie.

Daar is heelwat inligting oor die terroriste se bedrywighede ingewin deur die beslaglegging op dokumente en ander geskrifte. SWAPO is ‘n gevoelige slag toegedien sodat hulle vir ‘n geruime tyd nie met hul terreurdade sal kan voortgaan nie. As daar net na al die

bogenoemde feite kyk, dan was die operasie alreeds die moeite werd.

Een van die belangrikste gevolge van operasie is die verlies wat PLAN gely het aan opgeleide en half-opgeleide personeel. Die optrede van swak opgeleide terroriste het dit dan ook tot gevolg gehad dat hul soveel makliker deur die veiligheidsmagte opgespoor en uitgewis kon word. Helmoed-Romer Heitman glo dat die terugslag wat PLAN beleef het veroorsaak het dat daar ‘n afname in die werksaamhede van PLAN was. So was daar dan net 462 terroriste insidente in 1978. 95

Plan het ook ‘n ander problem gehad en dit was om al hoe minder effektief in die Caprivi gedeelte op te tree. Daarom het die PLAN leiers besluit om verlore aansien te probeer terugwin by hul buitelandse en by hul Zambiese gas. Daar is besluit om ‘n aanval op Katima Mulilo te loots, ook in weerwraak oor wat by Cassinga gebeur het. Op 23 Augustus 1978 is Katima Mulilo met 122 mm vuurpyle aangeval.

Slegs een vuurpyl het werklik skade berokken, maar die teiken wat getref is, was die slaapkwartiere van SAW soldate. Altesaam tien soldate het in die aanval gesterf en nog tien gewond. 96.

Die optrede van PLAN om die aanval op Katimo Mulilo te loots het

nie vir hulle die gewenste uitwerking gehad nie.

Gedurende 1979 het PLAN in ‘n mate herstel en was daar ‘n opbou van terroriste in Zambie, in so ‘n mate dat daar bereken is dat daar tot ‘n 1000 terroriste in 18 kampe was. Met die sukses van Operasie Reindeer ingedagte, is twee ander transgrens- of voorsprongoperasies beplan nl. Operasie Safraan en Operasie Rekstok. Die sukses van Operasie Reindeer het dus die weggebaan vir verdere operasies. Die operasies het op hul beurt weer veroorsaak dat President Kaunda PLAN belet het om Zambie as afspringplek vir aanvalle op Suidwes-Afrika. President Kaunda was bang dat Suid-Afrikaanse troepe ook aanvalle op sy soldate kon loots.

SWAPO het volgehou dat die meeste mense wat by Cassinga gesterf het, onskuldige vroue en kinders was. Volgens SWAPO was die vlugtelingkamp maar swak verdedig deur slegs ‘n handjievol soldate en dat dit nie die gefortifiseerde opleidings- en deurgangskamp was wat die Suid-Afrikaners gese het dit was nie.

Vyf dae na die geveg by Cassinga het SWAPO, lede van die pers daarheen geneem en twee massa grafte aan hul gewys. Daar was heelwat vroue tussen die dooies. Suid-Afrika het erken dat daar vroue in Cassinga geskiet is, maar dat baie van hulle selfs in uniform

was. Ter stawing van Suid-Afrika se storie is drie van die dokumente ter beskikking van die pers gestel. Die eerste dokument was ‘n maandelikse opgawe van die getalle in Cassinga. Die dokument is gedateer 31 Augustus 1977 en het die totaal van die kamp aangegee as 1608, waarvan 880 mans, 354 vroue en 315 kinders was.

Daar was 59 mans wat as voertuigbestuurders opgeteken is. Verder is 667 as rekrute van verskeie fronte opgeteken. 98.

Die tweede en derde dokument het gehandel oor beweerde verraaiers wat uit hul huise in Ovambo ontvoer is en aangehou word om meer informasie uit hul te verkry. Die dokument het met die woorde afgesluit: “We are sending him to you because he was a big man (State Police) so as to extract more information from him.” 99.

In die Sunday Tribune van 7 Mei het die volgende inligting van die dokument verskyn: volledige moordplanne en gelukwensings op die moord van Hoofman Clemens Kapuuo en Ovambo se Minister van Gesondheid mnr. Toivo Shiyagaya.

Die dokument het ook verdure inligting bevat dat mnr. Dirk Mudge, voorsitter van die DTA, ‘n teiken is. 100.

Wanneer ‘n mens die geveg evalueer en daar word gekyk na hoe groot die omvang van die geveg was, hoe lank die geveg geduur het

en hoe goed die vyand ingegrawe was, besef ‘n mens dat die geveg vir Suid-Afrikaners ‘n groot sukses was. Daar is egter ‘n paar negatiewe feite wat ‘n mens na moet kyk: Alhoewel die opleiding van die soldate baie goed was, was ‘n groot gedeelte van die aanvalsmag nie fiks nie. 101. Die hele kwessie van die groenlig wat te laat aangesit is, het ‘n reeks probleme veroorsaak. Suid-Afrika se ongevalle was ongelooflik laag, maar die hele geveg kon verkeerd verloop het.

Vier soldate het hul lewens in Cassinga verloor, hulle was: sktr. Edward James Backhouse (22) van Berea Johannesburg, sktr. Martin Kaplan (25) van Marlophstraat Nelspruit, sktr. Jacob Conrad de Waal (24) van Weavindpark Pretoria en dan sktr. Andre Human wat as vermis aangegee is. Daar is 11 soldate gewond. 102.

Aan die positiewe kant het daar min toerusting in die slag gebly, dit was hoofsaaklik valskerms, wapens en mediese voorraad wat in die rivier beland het. Een van die Buccaneer vliegtuie het koeelgate aan sy stert, neusgedeelte en ruite gehad.

Maar die kon baie erger gewees het.

Die getalle wat aan Plan se kant gesneuwel het wissel van bron tot bron. Volgens ‘n konserwatiewe beraming het daar ongeveer 600 terroriste gesneuwelterwyl daar ongeveer 340 gewond is. Die

verliese aan die Kubaanse/MPLA magte se kant word geskat op 18 dood en ongeveer 63 gewond.

Die kwessie oor die Honoris Crux medaljes wat later aan ‘n paar soldate oorhandig is, het in die mond van lt.-genl. Du Plessis ‘n wrang smaak gelaat. Volgens die generaal moes hy die aanbevelings vir die medaljes doen, volgens hom was daar nie rede om enige medaljes te oorhandig nie. En dit was dan ook sy aanbeveling, maar later op ‘n medalje-parade is Honoris Crux medaljes oorhandig. 103. Volgens die generaal is daar “oor sy kop gegaan” met die uitreiking van die medaljes.

Volgens hom het die stories oor die dapperheid van die soldate al hoe meer gegroei hoe meer die stories oorvertel is. Volgens die generaal was elke soldaat wat by Cassinga was skielik helde en dit is vir die generaal onaanvaarbaar. 104.

Wat ookal die omstandighede was, die soldate het hul moeilike omstandighede goed van hul taak gekwyt.

Die rol van die lugmag moet ook nie onderskat word nie. Die aanvanklike bombardement het die grondslag gele vir ‘n suksesvolle aanval. Dan moet die rol van die helikoptervlieeniers wat in moeilike omstandighede die soldate moes uitlig, ook waardeer

word.

Dan was almal, wat aan die geveg deelgeneem het, dit eens dat daar ‘n Hoer (deeltekens asb) Hand was wat oor hul waggehou het. Soos wat een van die deelnemers dit gestel het,:”And do you know, in all that time there was not one starting snag – each chopper’s engine caught first time round, and not one of the choppers was damaged in spite of the shooting and the terrain. That day Someone was watching over us.” 105.

Voetnote:

1. Cassinga is ‘n voormalige myndorpie waar ‘n hoe graad ystererts gedurende die Portugese koloniale tydperk gemyn is. Die dorpie is

ongeveer 250km noord van Namibie en is feitlik ‘n kilometer van die Cubongo rivier gelee. (kaart 1) In Augustus 1975 is die mynbou bedrywighede gestaak a.g.v. die politieke onsekerhede in die land en die feit dat al die erts ontgin is. W. Steenkamp, Borderstrike, p. 17-18

2. S.L.Barnard, ‘n Historiese oorsig van die gewapende konflik aan die noordgrens van SWA/Namibie 1966 – 1989, p. 16.

3. In 1957 is die Ovambo’s People’s Congress (Organisation) gestig deur Andimba of sy ander naam Herman Toivo ja Toivo. Hy was ‘n Tweede Wereld Oorlogse veteraan. Van die vroee lede was Andreas Shipanga en Sam Daniel Nujoma. In 1960 het die OPO verander in die South West People’s Organisation (SWAPO) wat nou ‘n organisasie vir al die etniese groepe van Suidwes- Afroka was. W. Steenkamp, South West Border War, p. 18.

SWAPO se militere vleuel PLAN of People’s Liberation Army of Namibia, is eers in 1960 in sy hoofkwartier in Lusaka gestig. Steenkamp, SA Border War, p. 20

4. Die Werelraad van Kerke het tot die eerste kwartaal van 1972 alreeds R300,000 aan terroriste-organisasies bewillig. SAW-Argief: Die SAW in SWA, 1969-1973. Aanvullende dokumente, Houer 31, Deel 1, Die

Administrasie van SAW-eenhede in 1 Militere gebied gedurende die periode Julie 1969 tot Julie 1973, p. 33.

5. Gedurende die 1920's en 1930's was daar druk vanaf hoofsaaklik die blankes van SWA om by Suid-Afrika ingelyf te word. Genl. J.C. Smuts en later dr. Malan het by die Verenigde Nasies aangehou dat SWA by Suid-Afrika ingelyf moes word. Dit is geweier. Suid-Afrika het dit darem reggekry om SWA as 'n mandaatgebied te bestuur, dit het beteken dat Suid-Afrika volle seggenskap oor SWA verkry het. SWA het nou verteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse regering verkry deur ses LV's en vier senators. Vanaf 1949 het die eerste van verskeie wereldhowe begin om te debatteer oor SWA se toekoms. Die debat sou aangaan tot en met die einde van die oorlog. Die Weermag Dagboek, 1986, p.67.

6. Gedurende die aanval op Ungulumbashe is twee terroriste gedood en 9 gevang. Nog ander is later deur die bevolking identifiseer en hulle is ook gevang. H.R. Heitman, South African War Machine, p.138.

7. Daar was verskeie redes waarom die SAP nie opgewasse was vir die taak wat aan hul opgedra was nie. Die SAP was eerstens opgelei om misdadigers aan te keer en nie om oorlog te voer nie. Die SAP kon nie

soos die SAW in formasies (seksie, peloton of kompanie) optree nie, die infanterie konsep van ‘n kordon is nie toegepas nie, swak voorbereiding en beplanning van operasies, swak navigasie, gebrek aan motivering, onkunde oor die terrrein en afgeskeepte patrolliewerk en swak discipline het aanleiding gegee dat staande orders verontagsaam is, opdragte nie uitgevoer is nie, persoonlike netheid en die onderhoud van wapens het ook in die slag gebly. Verder is administratiewe en logistiese problem ondervind a.g.v. onvoldoende verbindingsfasiliteite en onvoldoende standard logistiese voorsiening. (Die SAP het egter in die skoene van Koevoet verged en ‘n belangrike rol gespeel in die latere fases van die oorlog.) SAW – Argief: Die SAW in SWA, 1969-1973, p.15.

8. Advokaat B.J. Vorster was eers Minister van Justisie en later het hy premier van Suid-Afrika geword. Advokaat Vorster se politieke loopbaan is gekenmerk aan die versigtige manier waarop hy sake hanteer het. Hy het altyd gepoog om die kontrole op die hoogste vlak uit te oefen, daarom is dit te verstane da thy geweifel het om die goedkeuring te gee om oorgrens-operasies toe te pas.

Die politieke druk wat die premier na Operasie Savanna beleef het was nog vars in die geheue. W. Steenkamp, Borderstrike, p.5

9. Militaria, 14.1.1984, p.37.

10. Bandopname van onderhoud met maj.-genl. M.J. du Plessis.

11. Ibid.

12. Ibid.

13. Ibid.

14. MPLA staan vir Popular Movement for the Liberation of Angola en het in 1956 ontstaan. Steenkamp, Borderstrike, p3.

15. Die Kubane is in 1975 deur Fidel Castro na Angola as surrogaatmagte gestuur. Skeepsvragte kommunistiese wapens is noun a die MPLA gestuur. Barnard, 'n Historiese oorsig van die gewapende konflik aan die noordgrens van SWA/Namibie 1966-1989, p. 15.

16. Bandopname met onderhoud met maj.-genl. M.J. du Plessis

17. Steenkamp, South Africa's Border War, p.71.

18. SAW-Argief: C.J. Nothling, Operasie Reindeer, Junie 1978, p.5.

19. Bandopname van die onderhoud met maj.-genl. M.J. du Plessis

20. Steenkamp, South Africa's Border War, p.74.

21. In Februarie 1978 is sappeur Johan van der Mescht gevange geneem nadat PLAN 'n tydelikie basis van die SAW aangeval het. Sappeur Van der Mescht was die eerste Suid-Afrikaanse soldaat wat deur PLAN gevange

geneem is.

22. SAW-Argief: C.J. Nothling, Operasie Reindeer, Junie 1978, p.2.

23. Die samesprekings oor die toekoms vsn Suidwes-Afrika/Namibie het op die stadium in New York tussen verteenwoordigers van Suidwes-Afrika, Suid-Afrika, die VSA, Frankryk, Wes-Duitsland, Britanje en Kanada plaasgevind. B. Maree, Towards Nationhood, Southern Africa, Augustus 1987, p. 12.

24. P. Stiff, Nine Days of War, p.15.

25. Steenkamp, South Africa's Border War, p. 74.

26. Ibid., p. 75.

27. Die sekere kolonel wou nie sy naam genoem he nie, omdat, soos hy dit gestel het, sy loopbaan in die weermag vir hom baie belangrik is.

28. Bandopname van die onderhoud met maj.genl. M.J. du Plessis

29. Bandopname van onderhoud met maj.genl. M.J. du Plessis.

30. SAW-Argief: C.J. Nothling, Operasie Reindeer, Junie 1978. p. 6.

31. Ibid.

32. Steenkamp, Borderstrike, p.31.

---

33. Ibid., p. 40. Die name van die verskillende bevelvoerders soos wat dit in Borderstrike genoem word, is deur Steenkamp verander. Dit is 'n probleem wat nooit regtig opgelos is nie, maar in Paratus, November 1992,

p. 39. het ek heelwat name van die bevelvoerders opgespoor.

34. Bandopname van onderhoud met maj.genl. M.J. du Plessis.

35. Ibid.

36. Ibid.

37. Ibid.

38. Steenkamp, Borderstrike, p. 37.

39. Ondangwa, en meer spesifiek die lugmagbasis, is gekies as die tydelike hoofkwartier vanwaar die hele operasie Reindeer gemonitor sou word. Die hoofkwartier moes naby genoeg aan die doelwit (Cassinga) wees sodat radiokontak behou kon word. Ibid. p. 38

40. Bandopname van onderhoud met AO Pieterson.

41. Genl. Gleeson was aan die hoof by die hoofkwartier wat te same met inligting-personeel die hele operasie sou monitor en finale besluite aan die soldate op die slagveld sou deurgee. Bevele soos wanneer om te onttrek ens. Steenkamp, Borderstrike, p. 38

42. Bandopname van onderhoud met AO Pietersen.

43. Ibid.

44. Steenkamp, Borderstrike, p. 39.

---

45. Bandopname van onderhoud met skutter F. Bornmann.

46. Volgens AO Pietersen was die bestuurders van die voertuie wat hul lughawe toe geneem het junior Pantser bestuurders. Nadat hulle die

valskermsoldate by die lughawe afgelaai het, is hul in detensie barakke aangehou om die sekuriteit van die operasie te verseker. Hulle is eers na die operasie vrygelaat. Bandopname van onderhoud met AO Pietersen.

47. Bandopname van onderhoud met skutter F. Bornman

48. Steenkamp, Borderstrike, p. 47.

49. Ibid., p. 48.

50. Ibid., 50

51. "Roll call" is wanneer die troepe bymekaar kom en die teenwoordigheidslys afgelees word om te sien of alle lede teenwoordig is. * Sommige bronne meen dat die PLAN lede besig was met voet-inspeksie omdat die parade grond besaai was met stewels.

52. Steenkamp, Borderstrike, p. 49.

53. Ibid.

54. Ibid., p. 50.

55. Ibid., p. 51.

56. Bandopname van die onderhoud met Maj.-genl. M.J. du Plessis.

57. Op die foto's kan die paaie na Cassinga duidelik gesien word.

58. Bandopname van onderhoud met maj.-genl. Du Plessis.

59. Volgens maj.-genl Du Plessis, AO Pietersen, Kol. J Blaauw en skutter Bornman was die wind nie 'n factor nie, maar die feit dat die groenlig te laat aangesit is. Bandopnames van onderhoude met bogenoemde persone.

60. SAW-Argief: C.J. Nothling, Operasie Reindeer, Junie 1978, p. 6.

61. Ibid.

62. Lugbeheerders is die persone wat vanaf die grond opdragte en rigting aanduiding doen aan die vliegtuie wat bomme of lugsteun aan die grondmagte moet verleen.

63. SAW-Argief: C.J. Nothling, Operasie Reindeer, Junie 1978, p. 44.

64. Steenkamp, Borderstrike, p. 63

65. Bandopname van onderhoud met AO Pietersen.

66. C.J. Nothling, Operasie Reindeer, Junie 1978, p.45

67. Bandopname van onderhoud met skutter F. Bornman.

68. Ibid.

69. Steenkamp, Borderstrike, p. 72.

70. Bandopname van onderhoud met maj.-genl. M.J. du Plessis.

71. Bandopname van onderhoude met skutter F. Bornman.

72. SAW-Argief: C.J. Nothling , Operasie Reindeer, Junie 1987, p. 47.

73. Ibid., p.48

74. Bandopname van onderhoud met maj.-genl. M.J. du Plessis.

75. Ibid.

76. Volgens AO Pietersen was die aanvanklike bomaanval deur die lugmag so doeltreffend da thy onthou hoe ledemate en stukke van ledemate selfs in die bome gehang het. Bandopname van onderhoud met AO Pietersen.

81. Ibid.

82. Sunday Tribune, 7 May 1978, p. 1.

83. Ibid.

84. The Natal Witness, 6 May 1978, p.6.

85. Die Transvaler, 6 Mei 1978, p.2.

86. Ibid.

87. Die Suidwester, 5 Mei 1978, p. 3.

88. Eastern Province Herald, 6 May 1978, p. 7.

89. Die Transvaler, 6 Mei 1978, p.1.

90. Ibid.

91. Beeld, 8 Mei 1978, p.9

92. Ibid.

93. The Friend, 6 May 1978, p. 4.

94. The Star, 5 May 1978, p.14.

95. H.R. Heitman, South African Armed Forces, p. 151.

96. Volgens Prof. S.L. Barnard het slegs 9 soldate gesneuwel. Met die bewering bewys prof. Barnard verskeie bronne verkeerd. Onderhoud met prof. S.L. Barnard.

97. H.R. Heitman, South African War Machine, p. 144.

98. The Star, 6 May 1978, p.1.

99. Ibid.

100. Sunday Tribune, 7 May 1978, p. 1.

101. Bandopname van onderhoud met maj.-genl. M.J. du Plessis.

102. Die Transvaler, 6 Mei 1978, p1.

103. Volgens Steenkamp het die volgende persone Honoris Crux medaljes ontvang: Majoor John Church, wat korrek is, maar die volgende persone het ook volgens hom ook medaljes ontvang, skutter Packham, skutter Engelbrecht, skutter Van der Merwe asook kaptein Dries Marais.

Steenkamp, Borderstrike, p. 67, p. 94, 96.

Volgens kol. J. Blaauw is die gegewens nie korrek nie. Volgens Blaauw het slegs Maj. Church ‘n medalje ontvang. Onderhoud met Kol. J. Blaauw.

Die Paratus van November 1992 ondersteun Blaauw se bewering.

104. Bandopname van onderhoud met Maj.-genl. M.J. du Plessis


LEGEND
Trees
Huts
Bunkers
Buildings
One-man foxholes
A Supposed Swapo HQ – actually a store
B Huge excavation – probably a bunker under construction
C Hamambo's house
D Hospital – Breytenbach's HQ
E Gaol
F Anti-aircraft guns
G Engineer complex
H Parade ground
I Vehicle park
J Veterans' quarters
K So-called 'prostitute area'
L Actual Swapo HQ
LZ Carolina
LZ Ramsay
LZ Harris
LZ Rennex
LZ Sendeling
(b) advances up to ditch
(c) and then takes up stopper positions
(d) and gets hung up at the AA-gun position
(b) captures the vehicle park
(a) Charlie Company lands badly
(a) Most of Alpha Company lands here
Some of Alpha Company lands here
(a) Battalion HQ and most of Bravo Company
(b) cross river
(b) captures engineer complex
(c) takes up stopper positions but goes
Walled cemetery
Tchamutete


LT. J. BLAAUW SE AANVAL
(a) Assault group takes the first target
First target
N
(b) then the second target
Second target
(c) and takes up stopper positions, but is harassed by fire from bunker and trenches
(a) knocks out bunker
(b) then leads attack on trenches
(c) secures hut area
(d) and attacks westward
Support group shoots at houses
LZ Carolina
AA guns
BRON: STEENKAMP, W., BORDERSTRIKE.


ZAÏRE
ZAMBIA
ANGOLA
BOTSWANA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
NAMIBIA (SOUTH-WEST AFRICA)
Zambezi
Caprivi strip
Orange
Cunene
CABINDA (Ang.)
LUANDA
MALANJE
CALULO
LOBITO
BENGUELA
NAMIBE
LUBANGO
CANGAMBA
MENONGUE
CASSINGA
CUVELAI
MUPA
EVALE
ONGIVA
OSHAKATI
ONDANGUA
Owambo
Kaokoland
OHOPOHO
CAHAMA
Ruacana Falls
KATIMA MULILO
RUNDU
Kavango
TSUMEB
GROOTFONTEIN
OUTJO
WINDHOEK
WALVIS BAY (S Africa)
LUDERITZ
0 MILES 300
0 KILOMETERS 300

BRONNELYS:

A. Primere bronne:

1. Argivale bronne:

SAW-argief, "Die SAW in SWA 1969-1973", Aanvullende dokumente, Houer 31. Deel 1 en 2.

SAW-argief, C.J. Nothling, Operasie Reindeer, Junie 1978.

2. Persoonlike versameling:

Bandopname met onderhoud met Skutter F. Bornmann.

Bandopname met onderhoud met Maj.-genl. M.J. du Plessis.

Bandopname met onderhoud met AO Pietersen.

Bandopname met onderhoud met AO G. Brits.

Bandopname met onderhoud met W. Steenkamp.

Bandopname met onderhoud met Kol. J. Blaauw.

Bandopname met onderhoud met Prof. S.L. Barnard.

B. Gepubliseerde bronne:

1. Literatuur:

Heitman, H.R. South African War Machine. Hong Kong, 1985.

Heitman, H.R. South African Armed Forces. Cape Town, 1990.

Steenkamp, W. Borderstrike. Durban, 1983.

Steenkamp, W. South African Border War, Gibraltar, 1989.

Stiff, P. Nine Days of War. Alberton, 1989.

2. Dag en Weekblaaie:

Beeld, 8.5.1978.

Die Transvaler, 6.5.1978.

Die Vaderland, 6.5.1978.

Die Suidwester, 5.5.1978.

Eastern Province Herald, 6.5.1978.

Sunday Tribune, 7.5.1978.

The Citizen, 5.5.1978.

The Friend, 6.5.1978.

The Star, 5.5.1978.

The Natal Witness, 6.5.1978.

3. Tydskrifte:

Die SA Weermag Dagboek, 1986.

Militaria, 14.1.1984.

4. Artikels:

Herbst, C.J. Paratroopers - a special breed of men, Paratus, November 1992.

Maree, B. Towards Nationhood, Southern Africa Today, August 1989.